

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 79

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

EK GLO... IN GOD OF DARWIN

"Ek word tot U vervoer deur u skoonheid; hemel en aarde sê my van alle kante dat ek U moet bemin. Ek ondervra hulle, en hulle antwoord: Nie ons is u God nie. Soek bo ons. En tot alles roep ek: Sê my tog iets van Hom! Alles antwoord luidkeels: "Hy het ons gemaak!"

Augustinus.

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."

(Genesis 1).

"Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."

(Kolossense 1:16).

"Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde, wat alles wat daarin is uit niks geskape het en wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer . . . dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en Krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom."

Heidelbergse Kategismus, X.

- Glo u God of glo u wat Darwin, die vader van die ewolusieleer te sê het?
- Erken u Adam as u voorvader of groet u die sjimpansee as die hoof van u geslag?
- Dink u werklik dat alles 'n aaneenskakeling van toevallighede is of het u al ingesien dat daar 'n plan is wat in wysheid bestuur?
- U besef sekerlik dat die ooreenkomste tussen plant, dier en mens vanuit die skepping maklik te verklaar is. Die blaar van 'n boom, die vin van 'n vis en die hand van 'n mens vertoon een struktuur omdat daar één gedagte, één Skepper, één Vader is wat dikwels dieselfde stempel op alle dele van sy skepping afdruk. Wat van die radikale verskil tussen mens en dier?
- Die ewolusie is 'n teorie wat nog nie bewys is nie. Skepping is openbaring wat sy bewys in God se betroubare Woord het.
- Vanuit die Skepping gaan daar 'n appèl na u uit. God het reg op u. Ons en alle dinge is sy eiendom.

W. J. de K

RUK LOS DIE BANDE

'n Vryheidstryd in drie bedrywe

Ek laat my nie bind nie!

"Noem my maar modern of opstandig, verwen of losbandig, net soos jy wil. Vir my staan een feit soos 'n paal bo water, en dit is dat elke mens reg het op sy vryheid. Ek sal self besluit oor my lewe, ek weier om 'n slaaf te wees en my te laat bind deur julle reëls en regulasies. Ek wil die lewe geniet terwyl ek jonk is, en gaan my beslis nie laat bind deur die bekrompe idees van die kerk en die Bybel nie. Ek het dit vir my ouers ook gesê, en vir die skoolhoof, destyds toe hulle my uit die skool gesit het. Die tyd van slawerny is verby, en ek laat my nie domineer nie. Ek sal maak soos ek wil. En nog 'n ding: Hierdie heeldaagse geneul oor "sonde dit, en sonde dat" maak my siek. As ek wil kerk toe gaan, sal ek gaan, en as ek wil kroeg toe gaan, sal ek gaan, of dans toe, of perdewedrenne toe. En as ek 'n meisie kry wat gewillig is... nouja, hoekom nie? As julle my nie só in die kerk wil aanvaar nie, dan is dit julle saak. ..."

'n Vuur het gegloei in die oë van die jongman, en sy stem was driftig, opstandig. Dit het my bang gemaak... bang vir die toekoms van hierdie fris, mooi jongman, 'n produk van die moderne tyd met sy opvattinge van die vryheid van die mens. sy reg tot selfbeskikking, sy opstand teen die kerk, teen die sedelike orde, teen gesag, teen God! En ek het hom jammer gekry. Iemand wat teen die prikkels skop, móét seerkry, gáán een of ander tyd seer kry. Ek het gedink aan sy ouers, hulle ideale. . . Dit was vier jaar gelede.

Opbruising soos van waters

"Hulle het geen reg om dit van my te eis nie! Waar moet ek die geld vandaan kry? Buitendien, wie sê ek was die enigste? Waarom moet ek aan die pen ry? Hulle kan gaan doppies blaas! As ek haar miskien nog liefgehad het, was dit 'n ander saak. Maar nou? Nooit! Ek weier om verantwoordelikheid te aanvaar!"

Die woorde van die sterwende Jakob het by my opgekom, toe hy sy eersgeborene, Ruben, aangespreek het: "Opbruising soos van waters" — ongebonde, wild, onbeheers in sy drange en hartstogte, in opstand teen sede en gesag, en daarom: "Jy sal die vernaamste nie wees nie" — Jy het jou eersgeboortereg verbeur deur vrye teuels te gee aan jou drifte. Jy het die bande afgegooi, jy wou vry wees om jou drange en emosies uit te lewe, jy het toegegee aan die bruisende, aktiewe bloed wat deur jou are gejaag het. Jy het die verbode vrugte gegryp en só jou erfenis verdobbel, jou eersgeboortereg vir die honde gegooi. Opbruising soos van waters. Maar die net trek steeds nouer .. .

Die rooi gehulde oë van sy moeder en die bitterheid in sy vader se stem het 'n mens aangegryp. 'n Donker skaduwee het oor hierdie gesin geval 'n Skandvlek oor 'n eerbare familie.

Dit was twee jaar gelede.

Dit was tog my reg!

"Alles het teen my gedraai. Die lewe is onregverdig. God is onregverdig! Dit was my reg om

die lewe te geniet, en ek wou dit maar net vir my aangenaam maak, die moeite werd. En daarvoor het 'n mens tog geld nodig! Maar wat het ek gekry? 'n hongerloon, en my baas gaan heen met al die profyt, hy wat reeds so ryk is! Hy wat oud is, en gedaan, en dit nie meer kan geniet nie, en ek moet sit en kreppeer — is dit regverdig? Sal jy nog werk as dit so moet aangaan? Dis toe dat ek 'n paar ander maats besluit het om die bank te beroof. Maar daar sou niks gebeur het as die ander teller nie alarm gemaak het nie. En sal jy jou somer so laat vang? Sou jy nie ook geskiet het uit selfverdediging nie? Sien jy kans om 'n bandiet te wees terwyl die ander mense vry buite rondloop en die lewe geniet? 'n Mens het tog reg om vry te wees!"

'n Ander Bybelwoord het verbygeflits: "Mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid" — en hoe ontsettend is die gevolge altyd! Die mens wat roep: "Ek is vry! Ek laat my nie bind van God of Bybel of kerk of tradisie of sedewet of samelewing nie!" Waar eindig hierdie pad . . . die pad van Kain; van die drenkelinge in die Sondvloed; die pad van Sodom en Gomorra; die pad van Absalom; die pad van die gevalle engele wat God se gesag afgewerp het om vry te wees, "wat hulle eie beginsel nie bewaar het", en daarom duiwels geword het wat deur Góð "bewaar" word — vir die "oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis" (Brief van Judas vers 4-7).

Hy wat die gesag en die bindinge afwerp wat God gestel het, verwerp ook sy genade en moet verlore gaan. Daar is geen ander uitweg nie. Dit is soos die trein wat nie op die spoor wil bly nie;

die vis wat nie in die water wil wees nie;
die rivier wat sy walle oorstrom;
die motor wat van die pad af loop;
die skaap wat nie 'n herder wil hê nie;
die huis wat wil staan sonder fondament;
die skip wat wil vaar sonder stuurman.
Die einde moet ramspoedig wees!

Die gordyn sak

Toe ek die mooi jongman vir die laaste keer groet, het die betraande oë van 'n moeder en die skor stem van 'n vader weer voor my kom staan. "My seun Absalom, my seun, my seun Absalom!". Toe het die swaar seldeur toegeknars en ek het buite gestaan.

Kan daar genade vir hom wees?

God weet dit. Maar daar was eenmaal 'n moordenaar aan die kruis ... En daar was 'n verlore seun wat teruggekom het na die gesag en die bindinge en die veiligheid en vreugde van die vaderhuis.

Ook vir hierdie jongman. en vir ander soos hy, was dit nog nie heeltemal te laat nie.

Hy het nog 'n paar uur oor gehad voor die gordyn finaal sou sak.

Dit was gister.

W. J. Maritz.

Glo jy dit?

Die dood sal kom.

Is elke grys haar nie 'n ope briefie van die graf nie?

Jou liggaam weggeleë in 'n diep, donker gat waar daar geen enkel gleufie lig in skyn nie.

'n Hopie vars rooi grond, tussen ander hopies.

'n Steen van koue graniet.

Dis al wat daar van jou aardse lewe oorbly.

Die wêreld sal dit nie merk nie.

Die lewe sal sy blinde gang verder voorts kry.

Die reën sal weer en weer sy ruisende swerflied by die venster sing.

Die goue son sal hom bly spieël in elke waterplas.

Die wit en geel en rooi blommetjies sal elke lente oopgaan en met vrolike gesiggies kyk hoe die hemel en die wêreld lyk.

En verwelk.

Ander mense sal kom en na hierdie dinge kyk en luister.

Soos jy dit nou doen. Maar jy sal daar niks van weet nie.

Hoe lank, o God, hoe lank?

Geslagte sal kom en gaan.

Maar eendag sal die hemel skeur en opgerol word soos 'n doek.

Dan sal Jesus uit die hemel kom. Rondom Hom sy leërskaars blink, wit engele.

Die aartsengel sal sy basuin lank en helder blaas.

Die aarde sal onder die groot geroep van mense en engele skeur.

Berge sal wyk, oseane sal verdwyn. Grafte en grafte en grafte sal oopgaan.

Mense, miljoene mense, lankal dood en vergete, sal opstaan. Sommige met verheerlikte liggames. Ander afgrysig, gereed vir die ewige verderf.

Wie aan Jesus behoort, sal helder en suiwer en ewig jonk die heerlikheid ingaan.

"Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe . . ." Glo jy dit?

"Ek glo Here . . . Kom my ongelooft te hulp."

P.W.B.

Slim het sy baas gevang

Snaaks genoeg, sy naam was Slim Jannie. Só het ek en ons hom almal geken. En so sal ons hom seker ook maar onthou. Hy was op twee maniere slim. Op 'n goeie manier en op 'n manier waarop slim toe sy baas gevang het. En wanneer slim sy baas vang, dan is 'n mens eintlik op 'n dom manier slim. Ja, die Psalm sê, dan is ek soos 'n domme dier by God.

Jannie was slim genoeg om drie paadjies in sy lewe te leer. Die vierde paadjie was hom nooit gegun om te leer nie. Onnodig om te sê dat ons hom as Oorlede Jannie onthou.

Die eerste een

Dit wil ek die paadjie na die skaapkraal noem. Nou weet jy seker waar hy opgegroeï het. Op 'n plaas. En hy het die rustigheid daarvan geken. Dit was deel van sy lewe en kindergemoed. Dit was asof alles daar in hom ingegroei het. Hy kon dit alles ook so aanvoel en geniet. Dit was strelend vir sy kindersiel. Wanneer hy saans en smôrens na die skaapkraal kon huppel, was die paadjie daarheen 'n beeld van sy kinderlewe. Met huppelgang kon hy daarheen draf. Die bokspringende lammertjies was soos die vreugde van sy kinderhart. Die gemê vanuit die skaaptrop was soos 'n koor Dit het hom alles innig bekoor.

Die tweede een

Dit was die paadjie na die kerk.

Dit is die paadjie wat baie mense nog nie ken nie. Andere het hierdie paadjie nog nie geleer nie. Sommige het hierdie paadjie geleer en al lankal weer vergeet.

Jannie se ouers het hom in die kerk gedoop. En hoe het hulle beker op daardie Sondag van geluk oorgeloop. Vanaf daardie Sondagmôre kon ook hy" die merkteken van Christus dra. En watter ouerpaar voel nie oor só 'n geleentheid diep dankbaar en gelukkig nie?

Sy ouers kon ook nog meer van die beker van vreugde drink toe hy die eerste Sondag katkisasieklas toe is. Later was hy in die belydenisklas. Hy kon belydenis van die geloof doen. Hy kon vir die eerste keer saam die Heilige Nagmaal vier.

En wat het dit hom nie alles aan die skaapstal laat dink nie? In die kerk is almal veilig en versorgd in die skaapstal van die ware Herder. Jannie was slim genoeg om al hierdie dinge so op te merk.

Die derde een

Miskien wil jy ook graag hiervan hoor. Dit was die paadjie weg van sy ouerhuis af. Nie soos die verlore seun nie. Nee, hy is soos 'n fatsoenlike seun van sy ouerhuis af.

Want sien, hy was slim — baie slim. Hy was slim genoeg om verskillende beurse te kry vir verdere studie. Hy is universiteit toe. Dit opsigself is so goed as wat maar kon gebeur met hom. Niemand het aan sy goeie hart en goeie verstand getwyfel nie.

Maar . . . hy is nou weg van die paadjie na die skaapkraal. Hy is weg van pa en ma. Nou ja, dit

is nou eenmaal in die lewe so, 'n mens kan nie altyd by die dinge van jou kinderlewe bly nie. Jy kan wel vir jou rigsnoer in die lewe baie van die dinge van jou kinderlewe bly gebruik. Ons dink in Jannie se geval, byvoorbeeld aan 'n ouerhuis, ouerharte en ouergebede wat hom op die paadjie na die kerk en na God gebring het.

Wat doen hy?

Hy het op homself begin staatmaak. Jy weet daardie slim maniere wat mense tot 'n meesterstuk kan ontwikkel om jou uit allerhande lastige situasies uit los te wikkkel. Op meesterlike wyse het hy by sy ouers die indruk geskep dat hy 'n kranige student is. Op meesterlike wyse het hy aan die anderkant die professore ontduik. En op meesterlike wyse het hy die lewe begin geniet. Hy was gewild. En dit was 'n gewildheid wat deur sy hele toekoms 'n streep help trek het.

- die paadjies na die skaapkraal het uit hom vervaag
- die vroeëre beskutte ouerhuis het vir hom soos 'n dooie en koue tronk gevoel as hy daaraan terugdink
- sy pa en ma het oornag vir hom skoon uit die pas van die lewe begin lyk
- sy Bybel was ineens vir hom 'n dooie Boek
- die kerk het vir hom na 'n horde huigelaars gelyk
- sy kerkpak het ongebruik in die kas bly hang
- op die danspartye was hy naderhand 'n uitblinker. Niemand kon hom onder die tafel in drink nie
- meisies was nie 'n probleem nie
- die lewe het ineens vir hom op 'n manier oopgegaan waarvan hy tot nou toe onbewus was. Maar hy het die perd van die verkeerde kant af opgesaal. Hy het 'n verandering ondergaan wat geen mens kon begryp nie. Hy het 'n totaal onbekende vir homself en vir sy omgewing geword. In so 'n mate dat hy uiteindelik die grens van die laaste waarskuwing van die rektor oorgesteek het.. . en hy moes sy goedjies maar inpak
- hy het té slim geword in die dinge wat 'n mens nie op die universiteit leer nie en wat daar ook nie toegelaat word nie.

En verder?

Veel verder het dit nie gegaan nie. Sy ouers het getreur. Hiervan kon geen mens iets begryp nie. Kan jy? Hulle het net gehoor van "groot geld" wat hy verdien. Hy is slim. Die res sou hulle natuurlik nooit gehoor het nie.

Dit is: dat sy lewe 'n wedstryd met homself geword het. Hy wou homself bewys. Jy weet soos 'n drenkeling wat meen hy sal homself red, terwyl hy weet en voel hoedat die genadelose golwe hom toevou:

- sy eerste "going on a trip" in die donker gerookte saaltjie, gevul met verslaafdes, was vir hom soos 'n godsdienstige ervaring in die kerk uit sy kinderdae. Dit was 'n hemelse ervaring. Sy angs het verdwyn. Tot hy weer êrens wakker geword het
- natuurlik is dit onnodig om te sê dat dit van kwaad na erger gegaan het. Die lewe, die dinge, ja, alles het hom net slimmer gemaak. Tot daardie aand toe hy nie weer sy oë oopgemaak het nie. Wáár hy dit oopgemaak het, sal ek en jy nie weet nie
- gelukkig was sy persoonskaart in sy besmeerde klere se sak. Uiteindelik is sy ouers opgespoor. Die res is gedoen.

Die vierde paadjie

Hieroor mag ek en jy nog gesels. Dit is die paadjie wat Absalom of Kaïn of Esau ook nie geken het nie. Maar jy mag hiervan hoor. Hulle sê dit is die paadjie vir die "dom" mense. Dit is die mense wat die lewe glo nog nie ken nie.

Hierdie paadjie is die pad waarop 'n mens nie meer verder vir jouself vlug nie; ook nie meer vir God vlug nie. Want dit het per slot van rekening met hierdie „slim mense" gebeur.

Die Bybel leer ons dat ons angsvolle, oorblufte, onmagtige mense, ons kontak met God verloor het — dit is met die God wat ons waarlik liefhet. Hierdie sogenaamde slim mense noem die Bybel wel 'n dwaasheid. Maar dit is en bly nog maar altyd die Bybel waardeur ons hierdie vierde paadjie leer ken. Dit is die pad terug na God.

God het hierdie wêreld hier gestel as 'n plek om te lewe en te geniet. Maar hoe kan ons hier sonder God wil lewe en geniet?

Alleen wanneer ons hier in kontak met God lewe, dan geniet ons eers die lewe. Dan is ons lewe voortdurend met die Heilige Gees vervul. Dan snak ons nie na die paadjie waarop ons 'n ewige einde sônder God tegemoet loop nie.

Dit is nog altyd wonderlik dat God ons nie wil loslaat nie. Hy wil nie dat ons "eie slim" ons moet vang nie. Hy wil ons vang met die wysheid van die evangelie — met die deurboorde hande van JESUS CHRISTUS.

P. du Plessis.

ONTVLUGTING

ONTVLUGTING

As 'n probleem in die lewe vir 'n mens te veel word, soek jy, bewus of onbewus, na 'n oplossing. Een van die "oplossings" wat deur duisende gekweldes gesoek word, is om in een of ander vorm van ontspanning of ander aktiwiteite ontvlugting te soek van hulle probleme.

Wat word hier bedoel met ontvlugting? Ek verstaan daaronder nie die deelname aan 'n gesonde vorm van ontspanning waardeur jy tydelik aan die sorg en die inspanning van jou werk ontkom en sodoende jou arbeidskrag herstel nie. Sodanige ontspanning is nie alleen geoorloof nie, maar teweens noodsaaklik. Sodra jou ontspanning of aktiwiteit egter die middel word waardeur jy van jouself, van jou verantwoordelikheid, van jou probleme, wil wegkom, word dit ontvlugting in die ongunstige sin van die woord.

Bang vir die stilte

Dan is jy bang vir die stilte, want jy is bang om alleen voor jouself te staan te kom. Jy is bang om alleen met jou probleme te verkeer. Jy vlug vir die werklikheid. Dan moet jy gedurig besig wees met interessante dinge sodat jy nooit meer tyd sal kry om aan jouself te dink, of aan jou omstandighede, of aan die probleme in jou huis of in jou werk nie. So 'n mens vlug vir homself, maar hy vlug ook ... vir God!

So tref ons die gejaagde voortvlugters aan in die bioskoop, op of langs die voetbalveld, by die dansbaan . . . baie dikwels in die kroeg of selfs in die afgesonderdheid van die woning met 'n bottel sterk drank of met verdowingspille. Sommige vlug vir die werklikheid deur hulle op fanatieke wyse oor te gee aan die beoefening van hul geliefde stok perdjie, soos houtwerk, fotografie, die skilderkuns en soveel ander nog. Ander weer deur voortdurend besig te bly met bedrywighede op sosiale gebied. Tot so 'n mate word deelname aan soortgelyke aktiwiteite oordryf, dat daar nooit meer tyd oorbly vir 'n voorraadopname van jou lewe, vir stille bepeinsing en gebed nie.

Vlug na die werk

Sommige mense soek selfs ontvlugting in hulle werk! Dan werp hulle hulself met abnormale ywer in die maalstroom van hul werk, want in die aanhoudende besig wees vind hulle die salige afwesigheid van kwellende gedagtes oor bv. hulle ongelukkige huwelikslewe, of oor hul wanverhoudinge met hul medemens en met God. Hul werk bied hulle daarby ook die geleentheid om hulself aan die wêreld te openbaar as verdienstelike persone of as martelaars. So 'n mens vind in sy werk nie meer die geleentheid vir diens deur die ontplooiing en beoefening van sy natuurlike begaafdheid en aanleg nie, maar sy werk word vir hom slegs 'n voortdurende gejaag na ontvlugting, na selfregverdiging en na eer! Vir hom is die leuse: Werk, sodat jy kan vergeet! Sodat jy met jou gedagtes kan wegkom van jou probleme!

U ook?

Is u ook so 'n voortvlugter? Vra uself dan af: Waarom vlug ek en duisende ander mense so? Waarom die ontvlugting in ons ontspanning, ons sosiale aktiwiteite, ons werk, of in verdowingsmiddele?

Op hierdie vraag antwoord die sielkundiges: Omdat daar onopgeloste probleme of konflikte in ons

lewens is wat gepaard gaan met skuld- en angsgevoelens! Die Bybel gee ons egter 'n antwoord wat veel dieper insny. Daarin leer God ons dat die mens vir Hom vlug omdat hy bang is. En die mens is bang omdat hy skuldig voel, want hy het teen God gesondig.

Die sielkundiges is reg as hulle sê dat onopgeloste probleme die oorsaak is van ons angsgevoelens en die drang tot ontvlugting van die werklikheid. Maar dikwels word vergeet dat die grootste onopgeloste probleem van die voortvluggende is dat hy geen vrede met God het nie, omdat sy skuld voor God nie versoen is nie.

Vrede vir u siel

En van hierdie een ding kan u nou seker wees, geagte leser: Nie deur van God af weg te vlug, sal u vrede vir u siel vind nie, maar alleen deur na Hom toe te vlug. As u die drang voel om u probleme te ontvlug, dan moet u nie na u stokperdjie of u werk of na sterk drank of wat ookal gaan nie, maar dan moet u na God toe vlug. Deur die kruisdood van Jesus Christus is die skuld betaal en die vrede met God bewerk vir elkeen wat in Hom glo.

Hy is die toevlug en die plek van ontvlugting vir die beangste en gejaagde, vir die vermoeide en belaste! Vlug na Hom toe, en bid soos Dawid in Psalm 31:3: "Neig u oor tot my, red my gou, wees vir my 'n rots om in te vlug, 'n baie vaste huis om my te verlos."

Ph. Snyman.

DIE SEKSDRANG EN DIE LIEFDE

'n Sekere persoon het by geleentheid gesê: Seks is net so onbeheerbaar soos 'n verkoue. Groter dwaasheid as dit het ek nog nooit gehoor nie.

As die menslike gees, deur die genade van God, natuurkragte kan beheers, woede kan beteuel, geduld kan beoefen, kan die mens die seksuele drang ook beheers.

Natuurlik kan die seksdrang onbeheers raak as dit kunsmatig gestimuleer word. Daarom moet ons nougeset waak teen die sondige stimuleermiddels van:

- vuil leesstof wat die laag-sinnelike in die mens aanwakker —
- moderne danse met sy prikkeling van die geslagsdrif —
- sentimentele rolprente wat die drifte wakker maak —
- suggestiewe kleredrag en onbehoorlike gevryery.

WAAR KOM SEKSDRANG VANDAAN?

Die seksdrang op sigself is nie sondig nie want God het dit in elke lewende wese gelê. Toe Hy die menslike liggaam kunstig geweef het in die dieptes van die aarde, het God die geslagsdrang in die skone borduurwerk van die liggaam ingeweef.

Sommige sien die seksdrang as gevolg van die sondeval in die Paradys. Dit is egter nie so nie: Die heilige aandrift om vrugbaar te wees, is reeds voor die sondeval in Adam en Eva ingeskape (vergelyk Gen. 1:28).

Jy sien dus, my vriend, die seksdrang is nie sondig nie, maar dan geld die uitdruklike voorwaarde **dat die geslagsdrif nooit buite die huwelik bevredig mag word nie.**

Die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie (Exodus 20:14) kanaliseer die geslagsdrif op absolute wyse slegs in die bedding van die huwelik.

VAN DIE HUWELIK GEPRAAT...

Daar is mense wat om selfsugtige redes nie wil trou nie. Dis hulle wat die sorg en verantwoordelikhede van die huwelikslewe nie wil opneem nie: Die man nie omdat dit verknegting van sy onafhanklikheid sou beteken; die vrou nie omdat dit 'n gebonde lewe met eentonige huislike pligte sou beteken. Maar die seksdrang, wat alleenlik in die huwelik bevredig mag word, daarvan wil hulle in hulle selfsug ruimskoots buite die huwelik gebruik maak . . . en dit is sonde!

Daar is mense wat om liberalistiese redes nie wil trou nie. Dit is die genot-ploerte wat die sogenaamde "vrye liefde" voorstaan. Hulle wil soos 'n vlinder van een blom na die ander dartel in oneindige afwisseling van vryery, flirtasie en blinde hartstog.

Hierdie beweegredes is sondig en hou nie rekening met die huweliksbevel van God nie (Gen. 2:18).

MAAR DAN MOET DAAR LIEFDE WEES

Dit is vanselfsprekend dat daar liefde moet wees tussen man en vrou wat in die huwelik wil tree.

Maar wat is liefde?

Is liefde seks soos 'n sekssmal wêreld vandag vir ons sê?

Nee, my vriend, liefde is nie seks nie.

Is liefde soos die geritsel van die aandwindjie deur die blare? Of soos die sagte lyne van die ontluikende roosknop?

Jy kom nader, my vriend, maar dis nog nie wat liefde is nie.

Nee, liefde is oneindig meer: dit is 'n vlam van die Here (Hooglied 8:6).

Ware liefde is altoos vrug van die stille kragwerking van die Gees van God.

Wie hierdie liefde in sy of haar hart omdra, begryp dat die seksdrang beheers kan word en wil dit slegs in die intieme sfeer van die huwelik beoefen.



Ses redes

"Ek pleit om begenadiging, Edelaagbare, ek het ses kinders!" Die man wat skuldig bevind is aan dronkenskap het met dié woorde die landdros se medelye probeer wek. "Ses kinders! Weet u wat is dit?" het die landdros geantwoord, "Ses redes om nie te drink nie!"

C. J. Malan.